**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 AUGUSTUS 2025 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker *(Ex-officio)* |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van MPAC *(Ex-officio)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapdienste |
| Me. W Prins | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste *(skakel virtueel om 09:30 in)* |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite *(sluit aan om 10:03)* |
| Mnr. JJ Mfutwana | : | Hoof: Strategiese Dienste *(sluit aan om 09:42)* |
| Mev. RC Gerber | : | Komitee Beampte |

***

**AKSIE**

**BKN042/08/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna Raadsheer Daniels die vergadering open met gebed.

***

**BKN043/08/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN044/08/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN045/08/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 12 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 12 Augustus 2025 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN046/08/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING: DINSDAG 29 JULIE 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 29 Julie 2025; en
2. Dat die Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 12 Augustus 2025, oorstaan na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 16 September 2025.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN047/08/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 12 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN048/08/2025**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN049/08/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Verklarings/mededelings deur die Munisipale Bestuurder:

- Sy hou die datums van die Neurozone sessies aan die Komitee voor en verduidelik die volgende stappe; en
- Dat die Bergrivier Tourisme Organisasie (BTO) 'n kunsnaweek aanbied in Porterville vanaf Vrydag 03 tot Sondag 05 Oktober 2025.

Verklarings/mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester:

- Dat daar in die afgelope tyd verskeie sterfgevalle van geliefdes in die administrasie was en betuig hy die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se meegevoel met die amptenare in die moeilike tyd;
- Dat daar op Saterdag 13 September 2025 'n onder-21 provinsiale rugby wedstryd tussen Boland en die Oos-Kaap by Pella Park in Porterville plaasvind; en
- Dat daar op Saterdag 04 Oktober 2025 'n "Jazz Festival" in Velddrif plaasvind.

***

**BKN050/08/2025**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN051/08/2025**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN052/08/2025**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFSBEGROTING**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN053/08/2025**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN054/08/2025**
**TERUGVOER VANAF PORTEFEULJE VOORSITTERS OOR EKSTERNE VERGADERINGS BYGEWOON EN TERUGVOER RAKENDE EEN-OP-EENS MET RELEVANTE DIREKTEURE**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en gee geleentheid aan die Portefeulje Voorsitters om terugvoering te gee aan die Komitee.

Tegniese Dienste

- Geen

Gemeenskapsdienste

- Geen

Korporatiewe Dienste

- Geen

Finansiële Dienste

- Geen

Uitvoerende Burgemeester

Die Munisipale Bestuurder gee die volgende terugvoering:

- Dat ’n skoon oudit toekenning ontvang is vir die 2024/2025 finansiële jaar tydens die PCF Tech gehou op Maandag 18 en Dinsdag 19 Augustus 2025;
- Dat Bergrivier Munisipaliteit in lyn is om AARTO vanaf 01 April 2026 van stapel te stuur maar dat nog probleme voorsien word, byvoorbeeld rakende die poskantoor; en
- Dat die omsendskrywe uitgestuur deur die Gauteng Provinsiale Regering rakende die wysiging van die “Upper Limits” vir Raadslede nie op Bergrivier Munisipaliteit van toepassing is nie.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN055/08/2025**
**TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES IN 2025/26: FOR PREPERATION OF THE IDP AND BUDGET 2026/27**
**15/1/5/5; 5/1/1**

The Municipal Manager introduced the item.

An error was highlighted for correction in Table 1: *“Strategic Session of Executive Mayoral Committee and Directors”* to be replaced with *“Strategic Session of Executive Mayoral Committee”*

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That Council adopts the Time Schedule of Key Deadlines: IDP and Budget 2025/26 for the compilation/review of the IDP and annual budget in terms of Section 21(1) of the MFMA and Section 29 of the MSA, to guide the planning, drafting and adoption of the Review of the 5th Generation IDP 2022 – 2027 and;

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

2. That an advertisement is placed on the official website of the municipality and in the local newspaper notifying the public of the adopted Time Schedule of Key Deadlines: IDP and Budget 2025/26.

***

***(Die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste skakel virtueel om 09:30 in)***

**BKN056/08/2025**
**SAMESTELLING VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE EN BEGROTINGSLOODSKOMITEE**
**12/2/3/69**

Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die voorgestelde samestelling van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee en die Begrotingsloodskomitee goedkeur.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN057/08/2025**
**NOORDHOEK BUSINESS HUB (RSEP) LEASE AGREEMENTS**
**17/4/13**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Munisipale Bestuurder.

***(Die Hoof: Strategiese Dienste sluit aan om 09:42)***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met soesifieke verwysing na aparte voorafbetaalde kragmeters, hoe substitisies en waglyste werk, .

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee takes note of the Draft Management Plan of the Business Hub in Noordhoek and use it as a guideline only;
2. That the Executive Mayoral Committee approve the draft lease agreement and consider the appropriate tariffs;
3. That the Municipal Manager be mandated to sign lease agreements in terms of her delegated authority;
4. That the Draft Management Plan be reviewed to reflect the strategy of the Municipality; and
5. That the Municipality advertise any vacant stalls which may occur in future in terms of the approved processes and structures for stalls in Bergrivier.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**BKN058/08/2025**
**FEEDBACK ON THE MUNICIPAL ECONOMIC, TOURISM AND INVESTMENT SUMMIT: 08-10 JULY 2025**
**9/1/2**

Die Voositter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag.

***

***(Die Hoof: Strategiese Dienste verlaat die vergadering om 09:58)***

**BKN059/08/2025**
**REPLACEMENT: EXTERNAL MEMBER OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL (MPT)**
**15/1/7**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the content of the report is noted; and
2. That Mr Adriaan Neethling (Pr. Pln A/2671/2018), Cederberg Municipality, Manager. Town Planning & Building Control be appointed as external member of the Bergrivier Municipal Planning Tribunal (Bergrivier MPT) as replacement for Ms. Doretha Kotze (Private Consultant) with date of commencement the date of placement of notice in the Gazette.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**BKN060/08/2025**
**UNSERVICED ERVEN IN NORTHERN EXPANSION OF PIKETBERG INDUSTRIAL AREA**
**FARM 241 PB**

Raadslid Moolman lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste rig 'n versoek vir 'n geleentheid om 'n aflyn gesprek te inisieer met die Direkteur Tegniese Dienste en die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur om alternatiewe voorstelle te bespreek en die voorstelle voor te lê vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en aanbeveling aan die Raad.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***(Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite sluit aan om 10:03)***

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad in beginsel besluit om die ongedienste erwe te laat diens;
2. Dat voorsiening gemaak word vir ontwikkeling van Nywerheidspersele, Plaas 241, Piketberg;
3. Dat die nodige prosesse in plek gestel word om ekonomiese ontwikkeling te stimuleer;
4. Dat 'n berekende finale konsepplan, met gepaardgaande kostes, aan die Raad voorgelê word vir finale besluitneming; en
5. Dat voorsiening in die begroting gemaak word om volledige dienste te installeer en dat die nodige Voorsieningskanaal-prosesse gevolg word.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN061/08/2025**
**WYSIGING VAN INDIENSNEMINGSBELEID**
**2/B**

Raadslid Moolman lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die insette van SAMWU;

2. Dat die onderstaande wysigings aan die Indiensnemingsbeleid goedgekeur word:

*8.1.4 Die Direkteur Korporatiewe Dienste of sy/haar gedelegeerde, moet nie later nie as die ~~25~~ 1ste van elke maand, 'n lys van vakatures soos gelys op die goedgekeurde diensstaat aan direkteure sirkuleer. Elke direkteur moet aandui of enige sodanige vakatures wat mag bestaan in sy/haar direktoraat gevul moet word al dan nie. As 'n vakante pos, na die mening van die betrokke direkteur, gevul moet word, moet hy/sy 'n aansoek (voorgeskrewe rekwisisie vorm) ingevolge paragraaf 8.1.6, via die Bestuurder Menslike Hulpbrondienste, aan die Munisipale Bestuurder, voorlê.*

*8.1.8 Indien 'n pos vir langer as 12 maande vakant is, moet die Bestuurder Menslike Hulpbrondienste 'n verslag aan die Munisipale Bestuurder voorlê, tesame met die kommentaar van die betrokke Direkteur, waarom die betrokke pos nog nie gevul is nie.*

*8.1.9 Indien die Munisipale Bestuurder bevind dat daar geen regverdigbare rede bestaan waarom die pos wat reeds vir langer as 12 maande vakant is, nog nie gevul is nie, moet die Bestuurder Menslike Hulpbrondienste 'n verslag aan die Burgemeesterskomitee en Raad voorlê, vir oorweging of die pos nog wel benodig word.*

**BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE**

*8.2.5 ~~Indien die munisipaliteit nie die kapasiteit het om werwingsprosesse te bestuur nie, kan 'n werwingsagentskap aangestel word om die werwingsprosesse te onderneem, insluitende-~~ Die munisipaliteit kan 'n werwingsagentskap aanstel om werwingsprosesse te onderneem, insluitende-*

*(a) hantering van antwoorde;*

*(b) samestelling van -*

*(i) langlys van alle aansoekers wat om die geadverteerde pos aansoek gedoen het;*

*(ii) voorlopige lys aansoekers wat aan die vereistes voldoen;*

*(iii) lys aansoekers wat nie aan al die vereistes voldoen nie, maar wat potensiaal het;*

*(iv) lys aansoekers wat nie aan die vereistes voldoen nie;*

*(v) onderhoudsvrae;*

*(vi) Bevoegheidstoetse (onder andere maar nie beperk nie: scenario's, gevallestudies, aanbieding; verslagskryf, skriftelike assesserings);*

*(vii) Psigometriese- en praktiese toetse; en*

*(viii) Verifikasie van aansoekers (onder andere, maar nie beperk nie: Registrasie, Kwalifikasie, Kriminele rekord, Sanksies, Burgerskap, Kredietwaardigheid, Vorige werksgeskiedenis / verwysings, Identiteitsdokument, Professionele lidmaatskap van geakkrediteerde liggame, Alle tipes lisensiekontroles, Bedrog, Bestuurderslisensie- en openbare bestuurspermit)*

*Met dien verstande dat die advertering- en werwingsproses aan die bepalings van die Wet en die Munisipale Personeel Regulasies voldoen.*

*10.1.4 Die betrokke Direkteur kan ten minste een ander persoon, wat 'n personeellid van 'n ander munisipaliteit is en wat kundigheid het op die gebied van die geadverteerde pos, benoem om op die paneel te dien.*

*10.3.4 Kortlyste mag nie meer as 10 (tien) kandidate bevat wat voldoen aan die vereistes soos in die advertensie vervat nie. Indien daar meer as 10 (tien) kandidate is, moet die kandidate deur middel van 'n toets verminder word tot maksimum 10 (tien) kandidate. Slegs kandidate wat 'n minimum punt van 50% en hoër behaal in die siftingstoets, tot maksimum 10 (tien) kandidate, sal dan genooi word vir die betrokke onderhoud. Die uitslag van die siftingstoets kan ook dien as uitslag vir die praktiese toets. ~~Die 10 (tien) kandidate met die hoogste punte sal dan genooi word vir die betrokke onderhoud.~~*

***

**BKN062/08/2025**
**EMPLOYMENT EQUITY ANALYSIS AND EMPLOYMENT EQUITY PLAN FOR THE PERIOD 01 SEPTEMBER 2025 – 31 AUGUST 2030**
**4/9/1/3**

The Chairperson introduced the item.

Various inputs and comments were provided by the Committee members.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That the new Employment Equity Analysis and Employment Equity Plan for the period 01 September 2025 – 31 August 2030 be approved by the Mayoral Committee, and
2. That Council take note of the new Employment Equity Analysis and Employment Equity Plan for the period 01 September 2025 – 31 August 2030 as approved by the Mayoral Committee.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN063/08/2025**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE WERKVOORTGANG REGISTER**
**5/15/2**

Raadsheer Daniels lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die bedrag van R2 120 393.11 afgeskryf word om sodoende die finansiële state te voltooi in lyn met die werklike inskrywings van huidige kapitaal projekte op die werkvoortgang register.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN064/08/2025**
**ADDISIONELE AFSKRYF VAN UITSTAANDE WERKVOORTGANG REGISTER**
**5/15/2**

Raadsheer Daniels lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die bedrag van R1 112 266.81 afgeskryf word om sodoende die finansiële state te voltooi in lyn met die werklike inskrywings van huidige kapitaal projekte op die werkvoortgang register.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN065/08/2025**
**<u>APPROVAL FOR THE ISSUANCE OF A BANK GUARANTEE BY NEDBANK IN FAVOUR OF ESKOM</u>**
**12/2/2/14**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That Council approves the issuance of a bank guarantee by Nedbank to Eskom for the total amount of R28 500 000.00, allocated as follows:
   - Velddrif Substation – R14 900 000.00;
   - Porterville Substation – R4 900 000.00;
   - De Hoek Substation – R8 700 000.00;
2. That the guarantee funds be placed on daily call at 7.15% interest, with interest payable monthly into the Municipality's current account; and
3. That the Municipal Manager be authorised to sign all relevant documentation to effect the bank guarantee agreement between Bergrivier Municipality, Nedbank and Eskom.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**BKN066/08/2025**
**<u>WYSIGING VAN STANDPLAAS: SENIOR BEHUISINGSBEAMPTE VELDDRIF</u>**
**4/1/1/2**

Raadsheer Wessels lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat goedkeuring verleen word dat die standplaas van die pos Senior Behuisingsbeampte (VD) vanaf Velddrif na Piketberg gewysig word; en
2. Dat die wysiging op die diensstaat, organogram, posbeskrywing en salarisstelsel aangebring word.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN067/08/2025**
**<u>DRAFT POLICY FOR THE NAMING AND RENAMING OF COMMUNITY FACILITIES</u>**
**17/B**

Raadsheer Wessels lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Komitee kom ooreen dat paragraaf 9.2.1 as volg gewysig word:

*"9.2.1 The application for the renaming of any facility will be referred to the Executive Mayoral Committee for consideration and evaluation and thereafter to the Advisory Panel."*

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

**<u>RECOMMENDATION: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

That the draft Policy on the Naming and Renaming of Community Facilities attached hereto as Annexure A be approved by Council.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

***(Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite verlaat die vergadering om 11:57)***

**BKN068/08/2025**
**RAMPBESTUUR JAARVERSLAG 2024/2025**
**17/11/1**

Raadsheer Wessels lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na probleme ervaar in Piketberg waar brandweerdienste laat op toneel geariveer het asook dat geen water beskikbaar was nie.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die verslag.

***

**BKN069/08/2025**
**SLOPING VAN VAKANTE HUISE: TRAJEKTE KAMP, PIKETBERG**
**17/5/2**

Raadsheer Wessels lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat persone wat in die mees nat, vervalle strukture woon, na beter beskikbare strukture oorgeplaas word;
2. Dat alle vakante strukture wat bouvallig en nat van binne is, gesloop word;
3. Dat geen toekennings gemaak word totdat die strukture vervang word nie;
4. Dat die beskikbare fondse wat in die Noodbehuisingsfonds is, aangewend word om die strukture te vervang; en
5. Dat indien die fondse in 5.3 bo genoem uitgeput is, daar aansoek gedoen word by Nasionaal vir noodbehuising.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN070/08/2025**
**TERMS OF REFERENCE: INTERDEPARTMENTAL DISASTER RISK MANAGEMENT ADVISORY COMMITTEE**
**12/2/3/69**

Raadsheer Wessels lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die verslag; en
2. Dat die Voorsitters van die Portefeulje Komitees gevoeg word tot die Komitee.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN071/08/2025**
**IMPLEMENTATION OF EPWP PROGRAMME: DIVISION OF RESPONSIBILITIES, FUNCTIONS AND ACTIONS**
**5/9/2**

Raadsheer De Vries lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat 'n groter gesprek fasiliteer word ten einde uitklaring te verkry ten opsigte van rolverdeling en die bestuur van die EPWP databasis; en
2. Dat in die afwesigheid van 'n databasis moet daar voortgegaan word met aanstellings vir projekte.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN072/08/2025**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN073/08/2025**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN074/08/2025**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN075/08/2025**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering om 12:37, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, volle Direksie en die Komitee Beampte die vergadering in-komitee voortsit)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:42*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ____________________ |
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |
| ***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | |

***